



# Nuusbrief

DIE HOËRSKOOL
# WONDERBOOM

11 FEBRUARIE 2022

## WONNIES NOMMER 1 IN DIE DISTRIK

WONDERBOOM NOMMER 1 IN GASVRYHEIDSTUDIES!

Na afloop van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, is Die Hoërskool Wonderboom aangewys as die beste Gasvryheidstudie-skool in die distrik!

Baie geluk aan elke leerling van die 2021 matriekklas en aan me. R Grobbelaar met die mooi uitslae.






## INHOUD

FIETSRY NUUS
OUERGROEP
TENNIS NUUS
WONNIERAAD
SWEM NUUS
TOETSROOSTER

## WONNIE FIETSRYER NEEM DEEL AAN SA'S



Nathan Edwards, 'n Graad 11-leerder, is tans besig om deel te neem aan die 2022 *South African National Road and Time Trail Championships Cycling Tournament* in Graskop Mpumalanga. Nathan het (die afgelope Donderdag) deelgeneem aan die 20km *time trail*. Hy vertrek Sondag (13/02) op die 127km *road race.* Nathan neem deel aan die o.19 kategorie.

## WONDERBOOM ONDERSTEUNERSGROEP

Die Ondersteunersgroep word gebruik as 'n direkte skakel tussen die skool en die ouers/ondersteuners. Al die gebeurtenisse by die skool sal op hierdie groep geplaas word.

U kan met die volgende skakel by die WhatsApp groep aansluit:https://chat.whatsapp.com BQ0eUP7n9Om6Zc1oamb8Fu

Indien u iets wil weet of iets wil laat plaas, enige voorstelle het of hulp nodig het met iets, stuur gerus vir enige van die Admins van die groep 'n boodskap.

## TENNIS WEN OOS-MOOT



Die Hoërskool Wonderboom se 1ste Dogters-Tennisspan het die afgelope week kragte gemeet teen Hoërskool Oos-Moot en die dag afgesluit met 'n lekker oorwinning.

Die dogters wen met 39-27.

Baie geluk aan die dogters. Ons sien met groot verwagting uit na die res van julle seisoen.

# Theron`s Vleisprodukte

***die IN-PLEK vir die GELDSLIM verbruiker!***




**Hier kan jy nog `n braaibederfie, kosblik snoepgoed en benodighede vir gehalte etes aankoop teen GAWE pryse!**

**Ons vervaardig weense worsies, ham, polonie, ribbetjies en vele meer!**




**Besoek ons Winkel by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes**

**Tel: 012 327 3200/2327/2483 WhatsApp: 076 537 1524**

**Aanlyn bestellings kan gedoen word by theronsvleisprodukte.co.za**

# WONNIERAAD-INHULDIGINGSEREMONIE

Dinsdagaand is die nuwe Wonnieraad amptelik deur die Matriekraad, skoolbestuur en klasvoogde van 2022 ingehuldig.

Baie geluk aan elkeen van die leerders. Ons weet julle dra die naam, Die Hoërskool Wonderboom, met trots.

Gaan uit en wees ambassadeurs vir ons skool!



# SWEM NUUS



Die Wonnie-swemmers het op 3 Februarie deelgeneem aan die Maragon swemgala in Mooikloof en die volgende medaljes losgeswem:



11 Brons

5 Silwer


4 Goud

Baie geluk met die mooi uitslae.

# TOETSROOSTER KW 1

Aangeheg is die toetsrooster vir kwartaal 1. Vergewis u van die vakke en die tye. Leerders (Gr. 10-12) wat nie skryf nie, verdaag vroeg op dié dae.

**Wonniegroete**



**M. Lezar**

**Hoof**



# KWARTAAL 1 TOETSROOSTER

## TOETSROOSTER: KWARTAAL 1 - 2022

| DATUM | GR 8 | | GR 9 | | GR 10 | | GR 11 | | GR 12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **14 Februarie** | | | | | | | | | Geskiedenis<br>Visuele Kunste | Tydens Saal<br>7:00-8:10 |
| **28 Februarie** | Afrikaans | 12:45-14:00 | Engels | 12:45-14:00 | Geskiedenis<br>Dansstudies<br>Musiek | 12:45-14:00 | Geografie<br>Musiek<br>Ontwerp | 12:45-14:00 | Toerisme | 12:45-14:00 |
| **1 Maart** | SWA | 12:45-14:00 | NW | 12:45-14:00 | Afrikaans | 12:45-14:00 | RTT (Teorie) | 12:45-14:00 | Engels | 12:45-14:00 |
| **2 Maart** | EBW | 12:45-14:00 | SWA | 12:45-14:00 | Geografie<br>Ontwerp<br>Ekonomie | 12:45-14:00<br>12:45-14:30 | Besigheid | 12:45-14:30 | RTT (Teorie) | 12:45-14:00 |
| **3 Maart** | Engels | 12:45-14:00 | Afrikaans | 12:45-14:00 | Lewenswet | 12:45-14:00 | Engels | 12:45-14:00 | Ontwerp<br>Rek | 12:45-14:00<br>12:45-14:30 |
| **4 Maart** | SWG | 12:45-14:00 | SWG | 12:45-14:00 | RTT (Teorie) | 12:45-14:00 | Dansstudies<br>Gasvryheid | Klastyd<br>12:45-14:00 | Afrikaans | 12:45-14:00 |
| **7 Maart** | Wisk | 12:45-14:00 | Wisk | 12:45-14:00 | IT (Teorie)<br>Toerisme | 12:45-14:00 | Fisiese Wet<br>Ekonomie | 12:45-15:00<br>12:45-14:30 | Gasvryheid<br>IT (Teorie)<br>Ekonomie | 12:45-14:00<br>12:45-14:00<br>12:45-14:30 |
| **8 Maart** | NW | 12:45-14:00 | EBW | 12:45-14:00 | Besigheid<br>Visuele Kunste | 12:45-14:30<br>12:45-14:00 | Afrikaans | 12:45-14:00 | Geografie | 12:45-14:00 |
| **9 Maart** | Opdrag: Afrikaans | 12:45-14:00 | Opdrag: Engels | 12:45-14:00 | Wisk/Wisk Gel | 12:45-14:00 | Wisk/Wisk Gel | 12:45-14:00 | Wisk/Wisk Gel | 12:45-14:00 |
| **10 Maart** | Opdrag: Engels | 12:45-14:00 | Opdrag: NW | 12:45-14:00 | Engels | 12:45-14:00 | Geskiedenis<br>Rek<br>Visuele Kunste | 12:45-14:00<br>12:45-14:30<br>12:45-14:00 | Lewenswet | 12:45-14:00 |
| **11 Maart** | Opdrag: Wiskunde | 12:45-14:00 | Opdrag: Afrikaans | 12:45-14:00 | Visuele Kunste<br>Fisiese Wet | 12:45-14:00<br>12:45-15:00 | Lewenswet | 12:45-14:00 | Besigheidstudies | 12:45-14:30 |
| **14 Maart** | Opdrag: NW | 12:45-14:00 | Opdrag: Wiskunde | 12:45-14:00 | Rek<br>Gasvryheid | 12:45-14:30<br>12:45-14:00 | Toerisme | 12:45-14:00 | Fisiese Wet | 12:45-15:00 |

**Graad 10-12: IT (Prakties) en RTT (Prakties) word deurlopend in klastyd hanteer.**

# ALICIA BEKKER PHYSIOTHERAPY



# PRICELIST

| | |
|---|---|
| **FINGER STRAPPING:** | **R 20** |
| **WRIST STRAPPING:** | **R 30** |
| **ELBOW STRAPPING:** | **R 40** |
| **SHOULDER STRAPPING:** | **R 50** |
| **ANKLE STRAPPING:** | **R 50** |
| **KNEE STRAPPING:** | **R 70** |
| **KINESIO TAPE 20-30 cm:** | **R 50** |
| **DYNAMIC TAPE 20-30 cm:** | **R 50** |

**TREATMENTS OF 15 MINUTES: R150**
**(Only visiting schools)**